

Gereformeerde Kerk Bellville – 18 November 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 27:5, 6 (p. 127)

- 5 Verlate 's ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.
- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou –
dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 103:1, 3 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Gebed

Psalm 103:7, 10 (p. 505)

- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.
- 10 God het sy stoel gebou bo lug en wolke, / van waar Hy heers as Koning van die volke,
as HEER van alles op die wêreldrond. / Loof, loof die HEER, o al sy leërmagte,
o eng'le, wat met will'ge heldekragte / die woord volbring wat uitgaan uit sy mond!

Skriflesing: Psalm 103; Heidelbergse Kategismus, Sondag 46

Kernvers: Psalm 103:13, 19

Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.

Die HERE het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles.

(Psalm 103:13, 19 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

Tema: In nederige afhanklikheid roep jy die almagtige God as Vader aan

Broers, susters en kinders van ons Here Jesus Christus, het jy al gesien met hoeveel bewondering 'n klein kindjie na sy pa en ma kyk. By so 'n kindjie is daar nie die geringste twyfel dat sy ouers hom liefhet en sal versorg nie. Daardie kindjie wonder nie of sy pa sterk is nie – in sy wêreld is sy pa die sterkste mens op aarde. Hy twyfel ook nie of sy ma slim is nie – in sy wêreld is sy ma die slimste mens met antwoorde op enige vraag wat hy kan hê.

Hierdie selfde kinderlike bewondering behoort ook by die gelowige te wees vir die Here. Dit is deur die oë van 'n kind wat gelowiges na die Here moet kyk – oë vol vertroue in die Here, want van Hom verwag hulle alles wat vir liggaam en siel nodig is. So 'n kinderlik nederige gesindheid teenoor God is kenmerkend van 'n gelowige se hele lewe en jy hoor dit veral in hulle gebede. Dit is mos wat ons ook bely. Wanneer daar gevra word: **Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?** Antwoord ons: **Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek.**

As ons diep en indringend na ons gebede kyk, is hierdie kinderlik nederige gesindheid ook kenmerkend in ons gebede? Of het ek en jy ook al nonchalant geword oor die sorg van die Here. Ons aanvaar sy sorg vir ons so as vanselfsprekend dat ons nie meer regtig daarvoor vra nie, wat nog te sê Hom daarvoor dank. Ons dink dikwels van onself dat ons groot en onafhanklik is.

Daarom is die woordjie *wek* van so 'n groot belang in hierdie antwoord. Ons moet keer op keer op nuut opgewek word en besef dat God werklik ons Vader is. Gelowige, in Christus Jesus het God jou as sy eie kind aangeneem. Die getroue God wil altyd jou stem hoor. Hy wil hoor dat jy ook weet dat jy sy kind is wat in nederige afhanklikheid tot Hom roep.

Broers, susters en kinders, met Sondag 46 as ons raamwerk gaan ons terug na Psalm 103 waarin die Heilige Gees die volgende drie sake aan ons leer:

- Die majesteit van ons Vader in die hemel
- Sy vaderlike sorg vir sy kinders
- Hoe groot sy kinders se verwagtinge mag wees

Ons het nie meer 'n koning of koningin wat oor ons regeer nie. Maar ons weet, of het al gehoor, dat wanneer 'n baie belangrike persoon – sê maar iemand soos die president van die land – by 'n plek opdaag, is daar 'n sekere manier waarop jy met hom sal praat. Daar is 'n klomp reëls wat geld wanneer jy in die teenwoordigheid van so 'n belangrike persoon kom. Daar word gepraat van die protokol wat gevolg moet word. Jy kan nie sommer direk na die president toe stap en 'n geselsie met hom aanknoop nie. Daar is 'n sekretaris of ander amptenaar by wie jy eers toestemming moet kry om met die president te praat.

Wanneer jy tot God in gebed nader, kan jy nie met Hom praat soos wat jy met 'n baie goeie vriend sal begin gesels nie. Daar is nie allerhande uiterlike dinge wat ons moet doen wanneer ons tot God bid nie. Deur Jesus Christus se offer aan die kruis het gelowiges

nou vrye toegang tot God (Heb 10:22). Maar vrye toegang beteken nie dat 'n mens vrypostig met die Here kan wees nie.

Wanneer 'n mens nie meer eerbied vir die majesteit van God het nie en voorbarig met Hom wil wees, trek jy Hom in jou hart af van sy verhewenheid as die almagtige God en Koning. Dan word Hy vir jou 'n bietjie meer as 'n mens, maar tog 'n bietjie minder as die verhewe God.

Wie so oor die Here dink, is besig om die Here te onteer. En ons ken die Here as die God wat jaloers is oor wie Hy is. Daar is nie iets wat Hom meer vertoorn as wanneer mense Hom beroof van sy eer nie. Dit is alreeds erg, maar die mens wat so met die Here maak, moenie dink dat hyself niks daarvan sal oorkom nie. Jy beroof jouself dan van die troos en vrede wat die Here aan jou wou skenk. As jy God van sy verhewe troon afgetrek het en dink dat Hy net bietjie meer as 'n superheld is, sal jy begin wonder of Hy jou regtig kan help met die dinge waaroor jy tot Hom bid.

Dit is dus met goeie rede dat Christus ons leer om God nie net as Vader aan te roep nie, maar as **Ons Vader wat in die hemel is**. Daardie woorde is 'n kragtige herinnering dat ons sal onthou waar God woon en waartoe Hy in staat is.

Hierdie waarheid oor God word regdeur die Bybel aan ons geopenbaar. Psalm 103 is vir ons bekend. Dit is 'n danklied oor al die liefde en genade wat die Here aan sy kinders skenk. Maar dit is nie al waaroor dit in hierdie psalm gaan nie. In hierdie psalm wys die Heilige Gees ons ook op die grootheid en majesteit van God.

Die HERE het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles.
(Psalm 103:19 AFR53)

Die woorde **wat in die hemel is** wil nie net sê waar God woon nie, want ons weet God kan geensins op een plek ingeperk word nie. Salomo het in sy gebed nog gesê dat die ganse hemel nie groot genoeg is om God te bevat nie (1 Kon 8:27). Met die woorde **wat in die hemel is** leer Christus sy dissipels dat God verhewe en almagtig is. Hy heers oor alles en Hy beheer alles in sy skepping. God het alles tot sy beskikking.

Kyk net hoe sluit Dawid die psalm af. Daar is geen perke aan wie almal lof aan die Here moet bring nie. Die engele rondom sy troon moet God se lof besing. Al die werke van sy hande – dit wil sê, die hele skepping – moet aan God die lof bring, want Hy is God en Koning van ewigheid tot ewigheid. Wanneer ek en jy dan so deur die Heilige Gees herinner word aan die grootheid van God skenk Hy aan ons die sekerheid dat God regtig almagtig is na wie ons in nederigheid en met vertroue kan opkyk.

God is inderdaad ver verhewe bokant ons en Hy is groter as wat ons onself ooit kan indink. Maar daaruit mag 'n mens nie aflei dat Hy nie omgee vir 'n mens wat maar net 'n stofdeeltjie in sy skepping is nie. Nooit moet ons dink dat God afsydig staan teenoor sy mense nie. Daarom openbaar die Heilige Gees aan ons in hierdie psalm die vaderlike sorg van die Here.

Dit is natuurlik so dat God seker hoogstens tien keer in die Ou Testament as Vader aangespreek of bekend gemaak word, terwyl Hy honderde kere in die Nuwe Testament as Vader aangespreek word. Dit wil egter nie sê dat die gelowiges in die Ou Testament Hom nie as Vader geken het nie. Moses het Israel verseker dat God regtig hulle Vader is (Deut 32:6). Vir veertig jaar lank het die Here sy volk deur die wildernis gedra soos 'n vader sy seun sal dra.

Net so bely Jesaja dat God die Vader is van sy volk (Jes 64:8). Soos 'n potterbakker die klei vorm tot die voorwerp wat hy wil hê, so vorm die Here sy volk tot die mense wat Hy wil hê hulle moet wees. God werk met sy mense sodat hulle die gehoorsame kinders kan wees wat hulle volgens sy wil moet wees.

Luister net weer hoe sê Dawid dit in hierdie psalm:

Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. (Psalm 103:13 AFR53)

Elkeen wat kinders grootmaak, weet hoe hardkoppig en eiewys 'n kind kan wees. Soos wat 'n kind teenoor sy ouers is, so is gelowiges ook maar teenoor die Here. Dikwels wil hulle nie presies doen wat die Here beveel nie, maar hulle eie kop volg. So baie neem hulle besluite uit selfsug al beteken dit dat daar verskriklike nagevolge gaan wees. En tog, wat doen die Here, soos 'n vader sy eiewyse kind reghelp met ferm woorde of 'n ander vorm van tug, so doen die Here ook met sy kinders. Hy laat hulle nie maar begaan om aan te hou op die verkeerde pad nie. Omdat Hy hulle Vader is, tug Hy hulle uit liefde sodat hulle kan terugkeer na Hom en tot eer van sy Naam sal lewe.

Wanneer die Here sy kinders tug, is dit nooit met die bedoeling om hulle stukkend te slaan of te vermink nie. Dawid getuig daarvan:

Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. (Psalm 103:10 AFR53)

Die Here weet immers dat sy mensekinders net stof is. As Hy met hulle handel volgens hulle sonde, sal sy geregtigheid hulle vir ewig verdryf voor sy aangesig. Maar dit wil Hy nie doen nie. Daarom het Hy in sy groot genade 'n omkeer te weeg gebring. In die volheid van die tyd, skryf Paulus, het Hy sy Seun gestuur sodat ons deur Hom as kinders aangeneem kan word (Gal 4:4-5).

Christus, die natuurlike Seun van God, het in volmaakte gehoorsaamheid op aarde geleef. Hy het getrou gebly aan sy Vader selfs al het dit vir Hom die aaklige dood aan die kruis beteken. Hierdie volmaakte lewe van Christus het God so tevrede gestel dat Hy sy Seun uit die dood opgewek het. Maar sy tevredenheid oor Christus se volmaakte gehoorsaamheid gaan nog verder. Ter wille van Christus word mense deur God as sy kinders aangeneem.

Maar daar is nog iets wat ons oor God as Vader leer ken uit Christus se lewe as Seun van God. Christus het geweet dat sy Vader tot alles in staat is en Hy het ook geweet hoe vol sy Vader se hart van liefde is vir Hom. Daarom het Hy sy Vader lief en ten volle vertrou. In die benoudheid wat Hom beetgepak het in die tuin van Getsemane het Christus tot sy Vader geroep:

Abba, Vader, alles is vir U moontlik. (Markus 14:36 AFR53)

Wanneer Christus sy dissipels dan leer om te bid, wys Hy hulle ook daarop hoe naby hulle as mense aan God as Vader kom. Hy leer hulle om God ook as Vader aan te spreek. 'n Klein kindjie sal nie sommer gelate aanvaar dat 'n wildvreemde kind sy pa as pa aanspreek nie. Christus het juis gekom sodat mense wat eintlik geen Vader gehad het nie, omdat hulle van Hom af weggeloop het, weer 'n Vader kan hê. Hy weet hoe goed en liefdevol en regverdig sy Vader is, daarom wil Hy hê dat ook die mense vir wie Hy verlos het sy Vader as hulle Vader sal ken, liefhê en dien.

En wanneer God dan na mense omsien, doen Hy dit nie soos 'n stiefpa nie. Al is mense net aangenome kinders van God, behandel Hy hulle ter wille van sy Seun Christus as sy eie kinders. Geliefdes, die enigste antwoord wat jy en ek op hierdie vaderlike sorg van God kan gee, is dankbaarheid. Alles wat jy en ek uit God se vaderhand ontvang, het ons nie 'n reg op nie. Hy gee dit omdat Hy lief is vir sy kinders en as almagtige God kan Hy dit vir hulle gee. Daarom is lof en dank die beste antwoord op die Here se genade.

Daar is seker niks so lelik soos 'n ondankbare kind nie. Daar is niks wat 'n ouer se hart so seer kan maak soos 'n kind wat leef asof hy geregtig is op alles wat sy ouers vir hom gee nie. Wie so teenoor die Here leef, probeer weer die Here van sy verhewe troon aftrek en maak asof die Here sy bediende is wat maar net moet gee as hy sy vingers klap.

Mag die Heilige Gees hierdie gemeente so lei dat ons nie ondankbare kinders word nie. Mag ons altyd onthou wat ons plek is – kinders voor die almagtige God wat ter wille van sy Seun Christus ons Vader wil wees. Mag die lof en dank dan ook nooit uit ons monde verflou nie.

Ten slotte, watter verwagtinge kan 'n gelowige kind van sy Vader in die hemel koester? Ons bely dat ons **van sy almag alles kan verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het.**

Nie almal van ons is so bevoorreg om 'n aardse pa te ken wat werklik met soveel liefde en sorg na hulle omgesien het nie. Sommige het 'n agtelosige pa gehad of selfs 'n pa wat net raas en baklei. Mense wat so 'n pa gehad het, sukkel soms om God as die goeie en volmaakte Vader te aanvaar. Daarom is dit belangrik dat ons nie ons slegte ervarings met 'n aardse pa op die Here oordra nie. Aardse pa's is nie die voorbeeld van hoe God 'n Vader is nie. Dit is andersom. En selfs die beste aardse pa het ook sonde en tekortkomings.

Daarom is dit die beste om te luister hoe die Heilige Gees ons leer hoe 'n Vader God regtig is vir sy kinders. Hy is die Vader wat Hom ontferm oor sy kinders. Hulle wat hulleself nederig voor sy gesag buig, kan weet dat hulle in God alles het wat hulle nodig het. Dit is net Hy wat alles aan jou kan voorsien wat jy vir liggaam en siel nodig het.

Gelowige, jou Vader wat in die hemel is, het oë om jou te sien, ore om jou te hoor, 'n mond om jou te leer, hande om jou te help en te dra en Hy is sterk om jou veilig te hou. Hy wil jou hoor wanneer jy nederig afhanklik Hom as Vader aanroep, want daarin word Hy dan deur jou geëer.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:1, 4 (Sb 28)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille^oeerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.

- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van / die Bose^oas hy sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 November 2018